




Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 1 Junie 1949 Prys 3d. No. 28

'HARTE IN EMPIRE IS SAAMGEVLEG'

„Die regerings van die Statebond werk saam en die mense deel 'n gemeenskaplike lewe waardeur hart, gedagte en belange saamgeveg is”, het Philip Noel Baker, Britse minister van Statebondsbetrekkinge, by geleentheid van Ryksdagviering verlede week verklaar.

„Ons erken die Statebond as 'n vrywillige assosiasie. Ons wil

geen onwillige vennote hê wat die werking daarvan sal belemmer en wat 'n bron van swaarte en nie van krag sal wees nie,” het hy gesê.

Ook Suid-Afrika is vandag 'n gewillige werktuig van die Empire, met sy „hart, gedagte en belange saamgeveg” tot 'n gemeenskaplike lewe met sy veroweraar.

O.B. GAAN VOORT MET SY REPUBLIKEINSE TAAK

Die gerugte, wat met soveel kwaadwilligheid versprei is, as sou daar oorweging in O.B.-kringe geskenk word aan die ontbinding van die Ossewabrandwag of sogenaamde „eervolle ontslag” aan al die lede, is die afgelope naweek finaal die kop ingeslaan toe die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag in Johannesburg 'n verklaring uitgereik het waarin die ontkenning van die Kommandant-Generaal en dr. F. D. du Toit van Zyl, Gebiedsleier van Kaapland, bevestig is.

Soos onthou sal word het koerante van die H.N.P. 'n paar weke gelede met 'n besonder aanstootlike berig gekom as sou dr. Van Rensburg terwille van persoonlike ambisie dit oorweeg om die Ossewabrandwag te ontbind of sogenaamde „eervolle ontslag” te gee aan sy lede.

Dr. Van Rensburg het dadelik in Transvaal 'n ontkenning aan die pers oorhandig, terwyl dr. Van Zyl dit in Kaapland gedoen het. In sy verklaring het dr. Van Rensburg gesê dat as hy nie met sy O.B.-skap êrens welkom is nie, hy nie bereid is om sonder sy O.B.-skap te gaan nie. „Solank die manne en vroue

van die Ossewabrandwag, aan wie ek deur bande van trou en agting gebonde is, my dienste nodig het, is ek nie begerig om van die kameraadskap uit te skei nie, en as omstandighede my ooit sou verhinder om as leier te dien, hoop ek om die voorreg te hê om as gewone lid die stryd voort te sit,” het die K.G. verklaar en die O.B. se toekomstige taak as volg gestel:

ONS TAAK

„Dit is duidelik dat 'n taak op die O.B. se skouers gegooi word wat in belang van die tradisie van ons volk is, naamlik

dié om tot die republikeinse gedagte mede-Afrikaners terug te wen wat weggelok word van daardie gedagte deur die neo-Imperialisme (waarvan die H.N.P.-leiding blykbaar 'n integrale deel geword het, as mens moet oordeel na dr. Malan se toesprake na sy terugkeer uit Londen). Die O.B.-taak sal wees om die mede-Afrikaners terug te wen na die enigste staatsideaal wat die volk nog ooit geken het — die van 'n Suid-Afrikaanse Republiek, gebind deur niks behalwe sy eie gewete.”

Op sy vergadering verlede Vrydag het die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag 'n verklaring uitgereik onder die naam van sy voorsitter, prof. D. J. van Rooy, wat as volg lui: „Die Uitvoerende Raad van die Ossewabrandwag vereenselwig hom met die verklaring van die Kommandant-generaal, soos gepubliseer in Die O.B. van 18 deser, dat die Beweging nie ontbinding oorweeg nie en dat hy die dringende taak om ware republikeinisme te propageer, aanvaar.”

RYK „ONTWIKKEL” VOLGENS IMPERIALISTIESE PLAN

Ons het in die jongste tyd weer baie verneem van die „evolusie” van die Britse Ryk. Aan die volk is so pas beduie dat daar eintlik nie meer 'n „Britse Ryk” is nie, maar net 'n „assosiasie van vrye volke” en dat Suid-Afrika „vandag, na die Londense konferensie byvoorbeeld die volste reg van neutraliteit het”. Hierdie dinge word gestel asof dit heeltemal nuwe feite is wat in die proses an „evolusie” tevoorskyn getree het en dus nou 'n nuwe karakter aan die Britse Empire verleen — wat nie meer 'n Empire is nie maar 'n „organisme” wat hom aanpas by omstandighede en waarvan die lede „bymekaar wil bly” — „in enige omstandighede”.

In werklikheid is daar nie veel van 'n „evolusie” op te merk binne die Britse Empire nie — wel 'n gedaanteverandering. Dit is maar een en dieselfde ding wat telkens soos 'n slang vervel ten einde hom 'n mooier voorkoms te gee terwille van diegene wat anders teësin begin kry.

Toe selfbestuur in 1906 en '7 aan die verowerde Republieke gegee is, het Afrikanerleiers dit al as nagenoeg volkome vryheid vertolk, veral toe dit beseël is met unifikasie 'n paar jaar later. Genl. Hertzog het op 19 Augustus 1910 onder meer as volg na Suid-Afrika se selfstandigheid verwys: „Tans word ons getel as 'n broederstaat wat volkome beheer oor ons sake het en wat

nou aan onself alleen verantwoordelik is vir die beheer van die sake. Suid-Afrika moet dus sy eie heil so goed as moontlik uitwerk.”

OP PAPIER

Genl. Hertzog het egter later beklemtoon dat hierdie reg op papier nie veel beteken wanneer daar 'n regering aan bewind is wat na Brittanje se pype wil dans nie.

In 'n toespraak in die Paarl op 13 April 1918 het hy gesê dat as afgegaan word op die betekenis van die woorde, daar aan Suid-Afrika 'n reg van eie keuse verleen is „sonder inmenging van 'n gesag van buite ons volkskring”, maar „volgens die

land se ministers is dit nie so nie.” En op 16 Januarie 1919 het hy in 'n toespraak voor sy kongres erken dat die praktiese gevolge van selfregering nie is wat hy in 1906 geglo het dit sou wees nie omdat ons blootgestel is „nie alleen aan die direkte nie, maar eweseer aan die indirekte inspirasie van Britse ministers om die speelbal en spoegbak van Engeland en die Empire te wees.”

Suid-Afrika se vryheid was dus net 'n kwessie van vertolkings deur die bestaande bewind ten opsigte van Suid-Afrika se verhouding tot Brittanje en sy ryk — 'n soort „vryheid” wat gedobber het op die opeenvolgende golwe van bewindsveranderinge in Suid-Afrika

REG GEHAD IN 1911

Dat daar dertig jaar gelede presies geglo is wat vandag vanaf openbare verhoë aan republikeine gesê word, naamlik dat Suid-Afrika „vandag, ná die Londense Konferensie” die reg het om neutraal te bly, blyk uit 'n hoofartikel van De Volkstem van 14 Julie 1911:

„De stelling, kort gelede in dit blad verdedigd, ten effekte dat die Britse kolonie-republieken staatsrechtelik bevoegd zyn om onzydig te blyven in geval van een wereldoorlog, heeft dan ook geen ernstige bestryding gevonden by onze juristen.”

Daar is toe al gepraat van Britse „republieke” wat neutraal kon bly!

Maar ondanks hierdie erkenning is Suid-Afrika drie jaar later teen die volkswil in die Empire se oorlog gesleep. Daar was wel „evolusie” op papier maar in praktyk het dit groter onderwerping beteken omdat ons juis daardeur blootgestel was aan „die indirekte inspirasie

van Britse ministers”. En by hierdie woorde dink ons onwillekeurig aan die onlangse besoek van 'n spesiale afgesant aan die Eerste Minister van Suid-Afrika, ene sir Percival Leitch, van wie die Britse Daily Telegraph sê dat hy die besluit van die Londense konferensie kom „voorberei het”. Namate die „bindende bande” van die Empire losser gemaak was, is daar beslag gelê op die gees!

KONFERENSIES

En van Londense konferensies gepraat, C. M. van den Heever getuig van hulle as volg in sy boek oor die lewe van genl. Hertzog:

„Die Afrikaners het nooit van hierdie konferensies gehou nie, omdat hulle met argwaan gekyk het na die poging van sommige imperialiste om daarvan 'n (vervolg op bladsy 8, kol. 1)

GROEOPLEIER SLUIT AAN BY O.B.

Nadat ek die boekie „Iets oor die Ossewabrandwag” gelees het, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat ek met my siel en liggaam aan daardie Beweging moet behoort,” skryf mnr. Louis A. Rheeder van Indwe aan die sekretaris van Voorslag.

Hy skryf dat hy groepleier van die H.N.P. se Jeugbond was, maar bedank het omdat „hulle beloftes maak en nie uitvoer nie”. Nou wil hy graag aansluit by die Ossewabrandwag en help organiseer in sy omgewing.

U.R. Bevestig K.G. Se Verklaring

Verkiesing In Suidwes

Die afbakening vir die verkiesing in Suidwes sal waarskynlik teen Augustus gereed wees, het die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, in Windhoek verklaar.

In politieke kringe word gemeen dat die verkiesing in Oktober of November sal plaasvind.

AFRIKAANSE LEES

Ons wil hoop dat hiermee 'n end gekom het aan die stuitlike praatjies van die verdwyning van 'n Volksbeweging wat 'n ideaal dra wat deur die voorgeslag aan die huidige geslag oorhandig is vir verwesenliking — die ideaal van 'n Republiek op Afrikaanse lees geskoei waarin die eenheid van die volk beklemtoon sal word en nie die punte van stryd of veronderstelde punte van stryd nie wat kunsmatig aangeblaas moet word deur politieke partye wat in eentonige rotasie mekaar beurtelings opvolg — die een om te regeer en die ander om regeering te verhoed.

SAL ARK NIE KAN SOEK

Die planne om die oorblyfsels van Noag se ark op Ararat te gaan soek, het misluk omdat Turkye, uit vrees vir Moskou, geweier het om die drie verskillende ekspedisies van Brittanje, Amerika en Holland, in die land toe te laat.

Toe dit onlangs aangekondig is dat gepoog sal word om die oorblyfsels van die ark te soek, het die Moskou radio die plan aangeval en dit bestempel as 'n poging om op Russe te spioeneer. Ararat lê tussen Turkye en Rusland. Die Kremlin het moontlik net so 'n groot vrees dat 'n Bybelfeit bevestig kan word as wat hy vir spioenasie het.

RIEMTELEGRAM OOR SAMESMELTING

Die Opposisie-pers het die afgelope week, nadat Die Vaderland daarmee begin het, gespekeel oor moontlikhede dat die H.N.P. en A.P. nou gaan saamsmelt en dat mnr. Havenga reeds in hierdie verband 'n besluit geneem het. Na Die O.B. uit die beste bron verneem, steek daar geen die minste waarheid in hierdie koerantstories nie.

Die Vaderland het begin met 'n berig waarin verklaar word dat die uitslag van Vereniging die moontlikheid van eenwording weer op die voorgrond gebring het. Daarby het die blad gevoeg dat dit nog te vroeg is

om vas te stel hoe daarmee gevorder sal word, maar dat in verantwoordelike kringe die mening uitgespreek word dat dit binne die komende maande praktiese politiek kan word.

Hieruit het die V.P.-pers afgelei dat die blad se politieke korrespondent met die kalwers van mnr. Havenga ploeg en die Cape Times het dadelik ingeval met 'n berig dat dr. Malan en mnr. Havenga nou die weg vir „amalgamasie” voorberei. Die blad beweer dat mnr. Havenga besluit het om op sekere voorwaardes die identiteit van die A.P. prys te gee.

Die Cape Argus het nog 'n stertjie aangelas deur te verklaar dat samesmelting nou net 'n kwessie van tyd is. Die Suidster het egter water op die berigte gegooi deur te verklaar dat daar niks ampteliks voor 8 November gesê kan word nie omdat die A.P.-kongres dan eers in Bloemfontein sit. Verder is die mening uitgespreek dat daar te veel van die A.P. is wat teen so 'n samesmelting gekant sal wees.

NATAL VERLOOR BAIE YWERIGE HOOFKOMDT.

Hiermee wens ek 'n kranse te lê op die graf van ons kameraad en strydmaak hfkómdt. Dawid Andries Swanepoel van die hoofkommandantskap D.3b. (Moorivier-Weenen- en Bloukranse-kommando's).

Ons kan sê in der waarheid 'n seder van Libanon het geval. Hy was 'n „man” onder die manne. Seker een van, indien nie die bekwaamste offisier in D. nie.

Hy was my regterhand; hy was die steunpilaar van Middelland-Dingansfeeskommissie, Boerevereniging en ook kerklike ondernemings, 'n man van durf en daad en deursig. Hy sal gemis word deur sy vrou en kinders met wie ons saam sy skielike heengaan op 16 deser diep betreur. Op 18 Mei is hy ter aarde bestel op die plaas Waterval onder blyke van die belangstelling deur talle wat opgekom het. Ds. Ign. Schutte het die lykrede gehou en by die einde van die verrigtings het generaal Cadle en 'n klompie offisiere in die teenwoordigheid van sy weduwee en kinders 'n laaste huldeblyk getoon deur by die met kranse bedekte graf die O.B.-saluut te gee.

Slaap voort dappere held! vir jou was „My God, my Volk, my Land Suid-Afrika”, 'n ideaal met 'n drang. Ons sal jou mis! Tot siens my ou maat.

Hfgentl. E. B. Cadle.

Iere Berei Weer Voor Vir Wapengeweld

Die Ierse Republikeinse Leër, wat lank gelede onwettig verklaar is, is tans weer besig om rekrute te werf en op te lei ten einde die noordelike gedeelte van Ierland wat nog deel van die Britse Empire uitmaak, met geweld te verplig om deel te word van die Ierse Republiek, volgens berigte uit Belfast.

Die vernaamste bedrywighede van hierdie ondergrondse republikeinse leër is gekonsentreer in die provinsies Wicklow, Louth en Kerry.

'n Ondergrondse beweging wat homself die „Argitekte van die Ierse Herryssenis” noem, strooi tans pamflette uit waarin propaganda gemaak word om rekrute te werf en waarin verklaar word dat die verdeling tussen die Republiek van Ierland en Noord-Ierland nou met geweld beëindig moet word. Onder meer verklaar die pamflette: „'n Kwartmiljoen vrywilligers kan die verdeling van Ierland in 'n kwartier beëindig. Verower daardie ses (die ses provinsies van Noord-Ierland). Wees gereed vir optrede. Bid, propaganda, lydelike verset — en verower dan die ses.”

Een van die artikels lui: „Militêre opleiding vir alle Iere van militêre ouderdom is nodig vir die toekomstige veiligheid en

onafhanklikheid van die land. Elke opregte Ier moet leer om te skiet. Praatjies alleen sal nie die Britse aggresie in die Noorde beëindig nie. Dit is noodsaaklik dat ons voorbereid is as ons regtig ernstig is oor die saak.”

PARTYSET

Die hele moeilikheid het ontstaan as gevolg van 'n poging van die Britse Arbeiders-regering om die stemme te vang van diegene wat die Arbeiders daarvan verdink dat hulle besig is om die Britse Ryk te ontbind. Daarom het hulle 'n klousule in die Ierlandse wetsontwerp gevoeg wat aan Noord-Ierland (die deel wat nie afgeskei het van die Britse Ryk nie) 'n waarborg gee ten opsigte van sy grondwet wat verhoed dat Noord-Ierland ingelyf sal word by die Republiek van Ierland. Die waarborg kom hierop neer dat die wetsontwerp 'n bepaling bevat wat neerlê dat Noord-Ierland slegs met die toestemming van die noordelike parlement — en nie die volk nie — kan besluit om ingelyf te word by Eire. Selfs van Britse kant word erken dat die Noord-Ierse parlement om 'n verknoei; f-bakeningsgrondslag berus wat dit moontlik maak dat hy saamgestel word teen die wil van die meerderheid van die volk. Dit was 'n geknoei wat van Britse kant bedoel was om die gebied selfs teen die sin van die bevolking vir Brittanje te beveilig.

TEEN LANDSBELANG

Hierdie waarborg moet nou die Britse kiesers wat miskien anders vir Churchill wou stem, oortuig van die regering se Empire-bewustheid.

Die besef dring egter stadig tot die Britte deur dat hierdie wet besig is om al die goeie gesindheid wat daar nog tussen

Partypolitieke Set Oorsaak Van Nuwe Wrywing

die Ierse Republiek en Brittanje oorgebly het vir goed te vernietig omdat die Iere hierdie klousule beskou as 'n nuwe Britse aggresie teen Ierland. Daarom is hulle weer soos in 1922 bereid om die wapen op te neem.

Soos in so baie ander gevalle het partypolitiek ook hier teen ware landsbelang gegaan.

Ontrafeling Van Smuts-Geknoei Sal Jare Duur

„Dit sal nog jare duur voordat die regering die warboel waarin die Smuts-regering die natuurlike vraagstuk laat beland het, ontrafel het,” het die Minister van Naturallesake, dr. E. G. Jansen, in die volksraad verklaar.

Dr. Jansen het gesê dat die regering se natuurlike-beleid prakties sal wees en nie die land sal ontwrig nie. Die eerste taak wat die regering sal aanpak is die ontrafeling van die warboel waarin die V.P. die land gelaat het. Al die jare het die V.P. niks aan die oplossing van die vraagstuk gedoen nie.

OEFEN SAAM


Die vlote van Brittanje, Frankryk, Nederland en België (almal lande van die Westerse Bond) sal vanaf 30 Junie tot 8 Julie gesamentlike oefeninge hou. Minstens 50 skepe, van vliegtuigdraers tot ligte kussvaarders, sal drie-dae op die see wees en hulle moontlikhede vir koördinasie toets.

Van Belang Vir Ouers

Met die oog op die uitbouing van die Boerejeug, wil die Jeugleier graag hiermee 'n beroep op alle ouers wat kinders het wat in ander dorpe in skoolkoshuise is, doen om dadelik sulke kinders se name en adresse aan hom te stuur sodat hulle opgesoek en moontlik by die plaaslike organisasie van Die Boerejeug ingeskakel kan word.

Ons wil graag met alle kamerade dwarsdeur die land kontak behou, en vra dus die medewerking van alle ouers. U seun of dogter sal dadelik in verbinding gebring word met ander vriende wat hulle baie meer tuis sal laat voel in hulle nuwe omgewing.

Stuur sulke name aan: DIE JEUGLEIER, Boerejeughoofkwartier, Posbus 1059, PRETORIA.



BEROEMD en WELBEKEND

oor die 66 jaar vir

BESTE WAARDE

in

KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE

HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.



Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

Telefone In V.S.A. Nie Meer Privaat

As jy tans in New York die gehoorbuis van jou telefoon optel om 'n nommer te skakel kan jy byna seker wees dat agente van die Amerikaanse Geheime diens, speurders wat op soek na Kommuniste, of privaat persone wat deur magnate gehuur word om gesprekke af te luister, besig is om aan te teken wat jy sê.

„As jy tans 'n privaat gesprek wil voer moet jy liefers na die woestyn gaan, maar dan moet jy oppas dat daar nie ook mikrofoons in die bosse weggesteek is nie,” skryf 'n buitelandse korrespondent van Forward.

Dit is egter nie net die staat wat 'n groot aandeel neem in die afluistering van gesprekke nie, maar ook privaat ondernemings doen lustig mee. Op die oomblik soek die Amerikaanse polisie na 'n persoon wat erken het dat hy 'n reuse-aandeel geneem het in die afluistering van die privaat gesprekke van 'n burge-meester en ander vooraanstaande amptenare in New York, Chicago en Detroit. Blykbaar word dit gedoen om die mense op een of ander manier af te pers nadat die inluisteraars genoeg van hul slagoffers se privaat sake af weet.

BETAALDE AFLUISTERAARS

Die korrespondent verklaar dat die regering-spionasie die land heelwat aan dollars kos. Die nuwe begroting maak voorsiening vir 5 miljoen ekstra dollar vir die justisie-departement wat dit gebruik om agente aan te stel — onder andere snelskrifskryfsters wat belas is met afneem van gesprekke; hulle moet 'n baie betroubare verlede hê.

In 1939 het die Westerse moondhede Duitsland die oorlog aangesê met die voorwendsel dat hulle die Duitse volk wil „bevry” van die „polisiestaat” waarin daar geen vryheid van spraak, denke ens., sou wees nie. Wat nou in Amerika gebeur is presies dieselfde as waarvan hulle Duitsland beskuldig het.

BRITTE HET LUGOORLOG TEEN VROU EN KIND IN 1936 AL BEPLAN

Die feit dat Brittanje die eerste begin het met die bombardering van burgerlike bevolkings in die afgelope oorlog, is nie so algemeen bekend in Suid-Afrika, en selfs in Engeland nie. Die geheim is vir die Britte bewaar dwarsdeur die blitz-tydperk, toe hulle deur propaganda onder die indruk gebring is dat die ellende wat hulle onder Duitse bomwerpers verduur, alleen toegeskryf moet word aan die ingebore boosaardigheid van Adolf Hitler. Hierdie waarheid word aan die lig gebring deur 'n Britse regsgeleerde wat kort gelede 'n boek „Advance to Barbarism” uitgegee het.

„Dit was nie voor April 1944 toe die Luftwaffe weens gebrek aan petrol, verlam was en die uitslag nie meer in twyfel was nie, dat die verbod op geheimhouding opgehef is ten gunste van mnr. J. M. Spraight, C.B., C.B.E., voormalige hoofsekretaris van die ministerie van lugvaart aan wie dit toegestaan was om 'n boek met die naam „Bombardering Geregverdig” te publiseer.”

In hierdie boek het Spraight die volgende oor die ontstaan van die luginbombardeerings geskryf:

„ONS GROOT BESLUIT”

„Omdat ons getwyfel het oor die sielkundige gevolge van

propagandistiese verdraaiing van die waarheid dat dit ons was wat die strategiese bom-aanvalle begin het, het ons teruggedieps om ons groot besluit van 11 Mei 1940 die nodige wêreldkundigheid te verleen wat dit verdien het. Dit was ongetwyfeld 'n fout. Dit was 'n skitterende besluit. Dit was so heldhaftig, so selfop-offerend as die Russiese beslissing om die beleid van verbrande aarde toe te pas. Dit het Coventry, Birmingham, Sheffield en Southampton die reg gegee om Kiëv en Kharkof, Stalingrad en Sebastopol in die oë te kyk. Ons Sowjet-bondgenoot sou minder krities gestaan het teenoor ons onbedrywigheid in 1942 indien hulle verstaan het wat ons gedoen het.”

18 BOMWERPERS

„Op die nag van 11 Mei het agtien Whitley-bomvliegtuie spoorweginstallasies in Wes-Duitsland aangeval,” het 'n berig in die Britse pers die volgende dag gelui. Hierdie berig het geen agterdog by die Britse publiek laat ontstaan nie, maar vier jaar later is die betekenis daarvan eers geopenbaar. Wes-Duitsland was op daardie tyd-stip heeltemal buite die militêre oorlogsterrein. „Hierdie aanval in die nag van 11 Mei 1940 was die eerste doelbewuste verbrekking van die fundamentele reël van beskaafde oorlogvoering dat vyandelikhede alleen teen

SKRYWER BAIE TROTS DAAROP

die vyand se veggende magte aangewend mag word.”

KAMTIG „WEERWRAAK”

Toe die Britte later 'n stad soos Hamburg so swaar gebombardeer het dat dit omgeskep is in 'n brandende oond waarin die inwoners in die rivier gespring het om die ontsettende hitte te probeer ontkom, is gesê dat dit 'n weerwraakmaatreël was vir die Duitse bombardering van Rotterdam en Warschau. Spraight betwis hierdie argument egter deur daarop te wys dat die Duitse bombardering van genoemde stede deel was van die taktiese operasies van die leër, aangesien die Duitse troepe besig was om die stede binne te ruk. Ook kaptein Liddell Hart, bekende Britse militêre deskundige, onderskryf hierdie standpunt met 'n beklemtoning dat die Duitsers hulle gehou het aan die ou reël van beleëring-bombardement.

ALLE KREDIET

Die heer Spraight voer aan dat Brittanje „die algehele krediet” moet ontvang vir die idee en die uitvoering daarvan van luginbombardeemente. Die oorsprong van hierdie operasies, so gaan die skrywer voort, kan teruggevoer word tot 'n „ingewing” („brain wave”) van sekere Britse deskundiges in 1936. Hulle het toe reeds aan die hand gedoen dat Brittanje „Duitsland moet bombardeer indien hy ons vyand word.” Hitler was bewus van hierdie beleid, aldus die skrywer, vandaar sy begeerte om 'n ooreenkoms met Brittanje te sluit dat vliegtuie beperk moet word tot militêre operasies. Spraight gee dan ook toe dat Hitler alleen tot die bombardering van die burgerlike bevolking in Brittanje besluit het drie maande nadat die R.A.F. in Duitsland begin het met sy aanvalle op burgerlike bevolkings, en selfs toe nog begeer het dat dit gestaak moes word. „Hitler wou beslis nie dat die wedydse slagting voorduur nie,” aldus Spraight.

LUGMAARSKALK

In die Star van 12 Desember 1946 het lugmaarskalk Harris die bewerings van Spraight onderskryf deur daarop te wys dat die Duitse lugmag hom uitsluitlik toegelê het op taktiese bombardement ter ondersteuning van die grondmagte. „Veels te laat in die dag het hulle die waarde van 'n strategiese bomwerpermag besef.”

Spraight som die hele kwessie in die volgende woorde op: „In Duitsland en Frankryk het die lugarm nooit losgekom van die land-arm nie — in daardie lande was dit aan die leër vasgebond. In Engeland was dit vry om te swerf. Vir Duitsland was die bomwerper die artillerie vir vinnig bewegende troepe; vir Frankryk was (vervolg op bladsy 6, kol. 2)

TOE GENL. SMUTS DIE LONDENSE LIG GESIEN HET

Dit is eienaardig hoe mense hulle oor baie jare kan aanpas — so aanpas dat hulle hul vorige bestaan heeltemal vergeet. Dit is soos 'n makgemaakte meerkat wat naderhand niks meer wil weet van die meerkatgat waarin hy tevore gelewe het nie. Hy beskou homself nie meer as 'n meerkat nie, maar as 'n mens wat in 'n huis wil woon.

Iets van hierdie verskynsel het ons 'n week of wat gelede gadeslaan toe genl. Smuts ewe uit die hoogte met sy vinger na dr. Malan verwys het met die woorde: „Hy het die lig gesien” — nou dat dr. Malan terugkeer het uit Londen met 'n nuwe opvatting omtrent die Empire.

Dat daar eenmaal ook na genl. Smuts verwys is in dieselfde trant, het die gryse generaal blykbaar heeltemal vergeet, of as hy dit nog onthou, dan staan hy so vreemd teenoor die Smuts van toe dat hy nie eers agtergekom het dat hy nou woorde herhaal wat eenmaal as 'n verwynt aan sy adres gerig was nie. In C. M. van den Heever se werk oor die lewe van genl. Hertzog, lees ons in verband met die toekenning van selfbestuur aan die Transvaal in 1906 as volg: „Die vertolking van hierdie daad is deur baie leidende Afrikaners egter nie altyd in 'n ewe vriendelike lig gestel nie. Hulle opvatting was so: genl. Botha en genl. Smuts het van hierdie

samespreking in Londen teruggekom as manne „wat die lig gesien het”; inderdaad was daar selfbestuur, maar die gebaar was in werklikheid nie so grootmoedig as wat dit by die eerste oogopslag lyk nie, want dit is veel beter om 'n leier uit 'n verowerde volk te kry om die „konsolideringswrek” te doen, omdat hy sy volk verstaan en dit dan hoegenaamd nie lyk of daar enige imperialistiese dwang is nie. Baie het hierdie oorsprong van die latere „eer en plig” gesien, want hierdie vriendskaplike daad het vir genl. Botha en genl. Smuts so swaar moreel verplig dat hulle later steeds verder moes saamgaan waar dit ryksbelange raak.”

Na meer as veertig jaar herhaal genl. Smuts vandag die woorde wat indertyd op hom van toepassing was. Die verskil is net dat dit teen hom as 'n beskuldiging gemik was, terwyl hy dit vandag in triomf uitroep as die trotse dienaar van die Empire.

Sterk Drank Op Straat

Die drink van sterk drank op strate of in die omgewing daarvan, sal deur 'n wetsontwerp wat ingedien is, belet word. Die verbod is ook van krag vir openbare deurgange en vir oop gronde wat daaraan grens. Die straf vir oortreding is hoogstens £10 boete of twee weke tronkstraf.

Die wetsontwerp wil ook die besit van gevaarlike werktuie verbied. Dit sluit kettings met 'n handvatsel, stawe, dolke, ens., in.

UNIEBURGERSKAP VIR BRITTE BEMOEILIK

'n Wetsontwerp wat bepaal dat Britse onderdane voortaan aansoek moet doen om burgerskap en dit nie meer outomaties sal verwerf nie, en dat hulle eers vyf jaar in die land moet wees en nie twee jaar nie voordat hulle Unieburgers kan word, is die afgelope week deur die Minister van Binnelandse Sake ingedien.

Die wetsontwerp heromskryf die status van Unie-burgers. Dit het noodsaaklik geword weens die besluite van die Statebondskonferensie van 1947 en het niks te doen met dr. Malan se besoek aan Brittanje nie, soos aanvanklik deur 'n deel van die pers voorgegee wou word. Die benaming „Britse onderdane” vir Unie-burgers sal nou verval. Die wetsontwerp maak ook voorsiening vir die voorregte wat Ierse burgers in die Unie sal geniet nou dat Ierland 'n Republiek afgeskei van die Britse Ryk geword het. Die woord „Gemenebes” word ook vervang deur „Statebond”.

Die nuwe bepaling dat Britse onderdane eers vyf jaar in Suid-Afrika moet wees voordat hulle aansoek kan doen om burgerskap, stem ooreen met die Kanadese wet van 1946 in hierdie verband. Daar moet hulle ook aansoek doen om registrasie en

die Minister behou die reg voor om die aansoek te verwerp. Inderdaad is die bewoording van die wetsontwerp in hierdie opsig presies dieselfde as dié van die Kanadese wet.

Moet Paspoort Terug Gee

Die Minister van Binnelandse Sake het mnr. E. S. Sachs, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Klerewerksvakbond, versoek om sy paspoort wat hy verlede maand uitgeneem het om aanstaande maand die kongres van die tekstielwerkers in Frankryk by te woon, terug te gee.

Mnr. Sachs het te kenne gegee dat hy nie sy paspoort terug sal gee nie tensy daar 'n hofbevel in die verband is.

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS



Kyk hoe draai die wiel om en om!

Draai hierdie tekening eers met die klok mee vooruit en dan teen die klok in. Hou dit dan stil en kyk hoe die wiel nog aanhou met draai!

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuiw intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuiw, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry.



U OË MAG U BEDRIEG — MAAR
U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

Kommando
Die Vriendelike Sigaret

10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.



G1,3002

DIE O.B., WOENSDAG, 1 JUNIE 1949

ONS REGERING NÁ EEN JAAR

Dit is hierdie week presies 'n jaar gelede dat die Nasionale regering sy bewind aanvaar het. Ons blad het indertyd sy vreugde uitgespreek oor die onverwagse oorwinning en verklaar dat hy die regering sal steun, maar die reg van selfstandige kritiek voorbehou. Na 'n jaar kan ons hierdie houding herbevestig. Elke Afrikaner voel gerus dat hy 'n bewind oor hom het wat nasionaal in sy karakter is en by wie dus die wil tot volkswelvaart aanwesig is. Ons voel gerus by die versekering om die regering se eerste en natuurlike oorweging is om die belange van Suid-Afrika voorop te stel in teenstelling met die vorige bewind wat allereers wou vasstel wat die belange van Brittanje vereis. Ons voel ook tevrede dat in die afgelope jaar die regering in velerlei opsig blyke gegee het van sy Afrikaanse karakter in regeringsmaatreëls — in sommige gevalle by wyse van daadwerklike optrede en in ander gevalle by wyse van beloftes. Ons dink byvoorbeeld hier aan die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart, se onderneming om die Sondagswette strenger te laat toepas. Ons dink aan dr. Dönges se wetgewing in verband met gemengde huwelike en die uitbreiding van die ontugwet tussen blank en nie-blank. Daar is die stap van min. Paul Sauter in die rigting van apartheid op die treine — iets wat ons hoop uiteindelik so bevredigend gereël sal kan word dat die nie-blankes sal voel dat ook hulle beskerm sal word teen blanke indringing. Ons dink verder aan die Minister se poging om kommunistiese propaganda teen te gaan deur die uitsluiting van die kommunistiese koerant van Spoorwegboekwinkels, asook die Minister van Justisie se verbod op kommunistiese vergaderings buite Kaapland. Al hierdie dinge dui daarop dat ons 'n regering het wat bewus is van sy taak, en as dit nog nie alles is wat die volk verwag het nie, is daar sekere omstandighede wat in ag geneem moet word.

VERSKONINGS

In die eerste plaas het die huidige bewind 'n verknoeiende erfenis ontvang van die vorige bewind wat baie jare van tyd sal neem om in orde te bring. So het min. Jansen voorverlede week in verband met die natuurlevraagstuk gesê dat dit nog jare sal neem voordat die regering die warboel sal opgeruim hê waarin die Smutsbewind die vraagstuk laat beland het. In die tweede plaas, en dit is die belangrikste, moet die regering hom behelp met 'n stelsel wat eenvoudig homself nie vir oplossing van vraagstukke of deurtastende aanpakking daarvan leen nie. Dit is 'n stelsel van touterkery, van energie-verspilling op nuttelose stryd. 'n Stelsel wat 'n atmosfeer van wantroue en verdeling skep waarbinne die regering se eerste oorweging is en moet wees om aan die lewe te bly. Niks deurtastend kan dus aangedurf word nie, want die opposisie buit alles uit tot verdagmaking van die regering. Uit die aard van die saak moes die regering dus vooraf seker maak dat hy nie stemme wegjaag wat eers gevang moet word nie. Wantroue van Engelse kant moes eers oorwin word, en die beste manier om dit te doen was om uit die pad te gaan om bewyse te bring dat die regering nie so lelik is as wat hy voorgestel was nie. Dit was selfs nuttig om die Engelse sentiment te vang met 'n veranderde republikeinse beleid — 'n verandering wat weer ten gevolge gehad het dat dit die republikeinse Afrikaners se vertroue geskok het.

PRESIES WAT GEBEUR

En dit is trouens presies wat besig is om plaas te vind. Die regering sit met sommige van die beste brein in sy kabinet. Onder hulle is ook manne aan wie dit seker nie aan daadkrag ontbreek nie, mense wat, as hulle die vryheid daartoe gehad het, binne 'n baie kort tydjie berge sou versit het. Maar hierdie brein- en daadkrag en hierdie goeie bedoelings sit vasgewikkel binne 'n stelsel waarbinne vooruitgang eenvoudig 'n onbegonne taak is. Hulle is verplig om in die eerste plaas seker te maak dat hulle vriende in die kieserskorps wen. Wantrouige Engelssprekendes moet eers geleer word dat die regering niks teen hul belange gaan doen nie. Die geldmag moet eers tot die besef gebring word dat die regering niks ingrypends aan die kapitalistiese stelsel teweeg sal bring nie, en die verskillende ekonomiese belange moet tevrede gestel word, soos byvoorbeeld die suiwelboerdery wat oortuig moet word dat die regering nie kunsbotter sal vrystel vir algemene verbruik nie.

DIE KEERSY

Maar hierdie toegewings het ook hul keersy. Teenoor die Engelse sentiment staan Afrikaanse en republikeinse sentiment — albei kan nie tegelyk bevredig word nie. Teenoor die geldmag staan die arbeider, en ook hier kan albei nie tegelyk bevredig word volgens die maatstawwe van die ou orde nie. Teenoor die suiwelboer staan die verbruiker wat spartel om elke oggend 'n stukkie botter vir sy kinders op

(vervolg in volgende kolom)

Hoe Die Republiek Daar Moet Uitsien

'n Republiek sonder vervanging van die Britse parlementêre en kapitalistiese stelsel — wat, volgens erkenning van die Cape Times die vernaamste bande van die Empire is — is nie sy naam werd nie. Die Ossewabrandwag staan 'n baie duidelike inhoud vir die Republiek voor. Hierdie inhoud is in 1943 as volg deur die Grootraad geformuleer, en is gegrond op Suid-Afrikaanse volksbelange en nie Britse imperialistiese en kapitalistiese belange nie. Dit word in die volgende tien punte bondig saamgevat:

„1. VERENIGDE VOLKSPOLITIEK IN PLAAS VAN DIE VERDELENDE PARTY-POLITIEK: Die partystelsel moet vervang word deur die eenheidsorganisasie van die volk in 'n allesomvattende Volksbeweging. Dit moet die gesinsgemeenskappe bevat, maar ook die verskillende werkgemeenskappe en die kultuurgemeenskap sowel as die staatsgemeenskap. Sodoende snoer dit alle volkskrigte in een totaliteit saam tot bevestiging en bestendiging van die Republiek.

„2. EENHEIDSTAAT IN PLAAS VAN BESTAANDE BONTHE MENGELMOES: Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang, moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land, met inskakeling van ware volks- en beroepsvertegenwoordiging op alle gebiede en in alle belange.

„3. SEGGENSKAP VIR DIE BEROEPE: Die verskillende beroepe moet in staat gestel word om elk in sy eie huis skoon te maak en sy sake te bestuur, met verteenwoordiging in die regering, onder die koördinerende leiding van die staat en met medewerking van die volksbeweging.

„4. NET VOLKSGENOOT KAN BURGER WORD: Slegs volksgenote of potensiele volksgenote, d.w.s. slegs blankes wat assimileerbaar blyk kan burgers word. Dus, benewens Afrikaans- en Engelssprekende burgers van vandag, ook ander van Europese afkoms. Maar burgerskap is afhanklik van onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika. Ander blanke persone geniet wel gasreg, dog geen burgerreg nie.

„5. GELEIDELIKE SEGREGASIE: Nie-blankes word met tertyd uitgeskei uit blanke gebiede met die oog op rassesuiverheid en rasegte ontwikkeling van alle elemente. Alles egter met behoorlike inagneming van arbeidsvereistes.

„6. AFRIKA VIR DIE AFRIKANER: Die Afrikaner aan-

(vervolg van vorige kolom)

tafel te hê. Albei kan nie met dieselfde belofte bevredig word nie. Wat die regering dus aan die een kant wen aan stemme, gaan hy geleidelik weer aan die ander kant verloor. En dit is presies wat gebeur met alle partyregerings. Dit is 'n wiel wat draai en die mag agter die wentelinge is die stygende ontevredenheid van die kieserspubliek oor wat ôf gedoen ôf nagelaat word, en die blaasbalk agter daardie krag is die betaalde amptelike opposisie.

Daarom is ons nie hard in ons oordeel oor die regering se eerste jaar van bewind nie. Maar daarom is ons ook nie te geesdriftig oor beloftes wat nog in vervulling moet gaan nie. Binne hierdie stelsel verwag ons baie min — selfs van die beste brein en vurigste harte.

Daarom sien die O.B. alleen hoop vir ons volk op die grondslag van 'n nuwe stelsel waarin samewerking die normale vereiste sal wees en nie onderlinge stryd en verdagmaking nie.

vaar sy taak om die Christelike-nasionale ontwikkeling van Suidelike Afrika te lei in aansluiting by die Westerse kultuurkring en in samewerking met die verwante blanke volkere wat daarby belang het.

„7. CHRISTELIK-NASIONAAL IN PLAAS VAN LIBERAAL: Die Christelike-nasionale ontwikkeling van die eie volkslewe en van inheemse kleurlinge en naturelle word in die besonder verseker deur volle samewerking met die erkende Christelike kerke deur uitskakeling van 'n daarmee strydige propaganda van rassevermenging of rassehaat, deur beheer oor die verskillende propagandamiddels en 'n deeglik Christelike-nasionale hervorming van die skoolwese vir die verskillende volks- en bevolkingsgroepe.

„8. WERKLOOSHEID IS 'N REFLEKSIE OP DIE STAAT EN NIE OP DIE WERKSOEKENDE VOLKSGENOOT NIE: Volksorg word gerig op die versekering van gesonde huisgesinne en op welvarende arbeid. Werkloosheid kan nie geduld word nie en die werker word in die volksgeheel ingeskakel om hom so ver mensmoontlik te be-

skerm teen alle onsekerhede van die lewensonderhoud uit arbeid.

„9. LANDSKYKDOM IS VIR VOLKSDIENS DAAR: Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding, in die eerste instansie deur die eie inisiatief van die staatsburgers ten volle ontwikkel in volksbelang. Die rykdom aldus geproduseer word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksieproses.

„10. GEEN KAPITALISME EN OOK GEEN KOMMUNISME NIE: Die Kapitalisme met sy uitbuitende en anti-nasionale beheer, veral oor die mynbou, die fabriekswese, die handel en die geldmark word ingekort of afgeskaf; produksiepryse, -winste en -skulde word beheer; spekulasie met grond, wonings-, voedings- en kledingsmiddele van die volk word beheer. Die godlose en raslose Kommunisme word deur 'n Christelike en volkseie sosialisme teengewerk en vernietig.

Bostaande is in breë trekke die Ossewabrandwag se opvatting van die volkspolitiek; en na vyf jaar staan die O.B. nog by elke woord daarvan.

Sabra Wen Veld: Ook Stadsrade Gee Medewerking

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra) wat hom beywer vir die aparte ontwikkeling van die blanke en nie-blanke rasse in Suid-Afrika, het reeds aansienlike vordering gemaak in sy poging om steunpunte op te bou en verskillende Randse munisipaliteite is reeds geaffilieerde lede van die beweging, en ook uit Engelse kringe word sterk steun ondervind. Sodra die fondse beskikbaar is, sal 'n eie orgaan ook uitgegee word.

Die dagbestuur en stigterslede het alle rede om tevrede te wees met die vordering wat daar gemaak is. Sedert Sabra in die lewe geroep is, het hy hom daarop toegespits om kragte waf ten gunste is van die apartheidsgedagte saam te snoer en dit is die strewende van die Buro om voltydse amptenare aan te stel wat hierdie gedagte sal verduidelik en propageer sodat dit nie net 'n blote slagkreet bly nie, en om 'n verenigde front in hierdie verband in die lewe te roep.

Dit het reeds ook die steun van al die belangrike volksorganisasies verkry en talle vergaderings is gehou waarop die apartheidstandpunt bekend gemaak is. 'n Tyd gelede is daar reeds 'n kritiese memorandum uitgebring oor die Fagan-verslag. Verder het dit ook 'n memorandum opgestel vir die kommissie van ondersoek na nywerheidswetgewing en ook ten opsigte van natuurlekkbonde. Daar sal ook getuienis

afgelê word voor die natuurlekkonderwyskommissie. Verskeie organisasies word ook met advies gedien en die Buro laat hom ook geld in nuwe rassevraagstukke, bv. die opstelling van voorgestelde natuurlekkwetgewing. Daarby word daar gedurig voeling gehou met verskeie organisasies.

Op die oomblik word daar gewerk aan 'n memorandum oor die verslag van die kommissie van ondersoek na die Durbanse onluste waarin kommentaar gelewer word. Dit bevorder ook die uitgewing van belangrike publikasies, en binnekort sal daar 'n populêr-wetenskaplike werk in Engels verskyn wat 'n belangrike bydrae sal wees tot die segregasie-standpunt. Geen drukkery wou die druk daarvan onderneem nie, maar deur bemiddeling van Sabra word dit tans op Stellenbosch gedruk.

Sabra is ook van voorneme om spoedig 'n eie inligtingsdiens daar te stel.

ONS HET DIE ONDERSTEUNING VAN ADVERTERERS NODIG OM ONS BLAD UIT TE GEE, MAAR DIE ADVERTERERS HET ONS ONDERSTEUNING NODIG OM IN ONS BLAD TE KAN ADVERTISEER.

DUITSE VROUE AS SLAWE ONTVOER DEUR RUSSE

Hoewel die oorlog reeds vier jaar agter die rug is, is daar nog miljoene Duitsers en Japanners in Russiese slawekampe waar hulle dag-in en dag-uit verhongerd vir die Russe werk om die vyfjaar-planne te verwesenlik. Hoeveel daar werklik is, is nie bekend nie maar die Duitse Sosiaal-Demokratiese Party het onlangs bereken dat daar alleen 200,000 Duitse vroue in sulke slawekampe aangehou word.

Baie van hierdie ongelukkige persone is nie krygsgevangenes nie, maar is ná die beëindiging van die oorlog deur die Russe uit hul sektor na Rusland weggevoer. Oor hul lot is daar baie min bekend en slegs af en toe as iemand gelukkig is om losgelaat te word, word die verhaal van hul ellende in Rusland vertel.

Een van hierdie verhale verskyn in die Britse Mediese Tydskrif soos vertel deur ses Duitse vroue wat ontslaan is. Hulle verhaal is neergeskryf deur dr. Reginald Dean.

Hierdie vroue is Ida en Elli (albei 21), Hanna (24), Margret (26), Agnes (32), en Emma (37).

Kort na die Russiese besetting het Russiese soldate Elli, Hanna en Margret aangesê om saam met hulle te gaan. Aan hulle is gesê dat hulle vir drie dae

êrens moet gaan werk. Agnes is die volgende dag (omdat haar kinders die vorige dag moles gemaak het) met geweld weggevoer. Dit is gebruikelik om die vroue in kelders aan te hou totdat daar genoeg bymekaar is. Dan word hulle met 'n vragmotor na 'n spoorwegstasie vervoer.

LAAT LÊ

Die groep waaraan Elli behoort het, is egter gedwing om twee dae lank te marsjeer en diegene wat te uitgeput geraak het, is langs die pad laat lê en aan die Russiese genade oorgegelaat.

Die kampe het bestaan uit 'n groep houthutte waarin die vroue saamgehou is. Elli vertel dat daar in haar hut op een dag tot soveel as 18 vroue omgekrom het. Die vroue word ingedeel volgens hul vermoë om

MOEDER BOET VIR KINDERS SE GEDRAG

te werk. Daar was vier groepe. In die vierde groep was diegene wat geen werk meer kon verrig nie omdat hulle te swak en uitgeput geword het.

ALTYD HONGER

Agnes is aangesê om in 'n kalkoond te gaan werk. Ida en Margret het op 'n turfand gaan werk. Elke vrou moes 'n sekere hoeveelheid werk per dag verrig. In die meeste gevalle het goeie arbeid beteken dat jy beter kos kry. Al die vroue vertel dat hulle tot hul uiterste ingespan is om die werk te doen. Al ses, behalwe Elli, vertel dat hulle altyd honger was. Gewoonlik het hulle drie maaltye per dag ontvang, maar Hanna en Emma het slegs twee per dag ontvang. Die stapelkos was koolsoep, brood, en 'n soort pap wat bestaan het uit 'n graansoort. In die reël is daar 'n pond suiker elke maand aan die vroue uitgedeel, maar daar het maande verbygegaan dat hulle dit nooit gesien het nie. Baie van die vroue het die suiker sommer dadelik opgeëet. Ida vertel ook dat sy brandnetels geëet het wat sy op pad na haar werk toe gepluk het. Sy het dit rou geëet nadat dit met die hande fyn gedruk is sodat dit nie haar tong sou steek nie.

MAL GEWORD

Tussen 20 en 30 vroue is in een kamer saamgehou. Daar was dikwels luise in die hutte maar die vroue het gepoog om alles so skoon as moontlik te hou. Baie vroue is dood en diegene wat hulle aan swaarmoedigheid oorgegee het en nie hul lot gelate aanvaar het nie, het bitter swaar gekry. Sommige vroue het selfs mal geword van die ellende. Die dooies is snags begrawe en dan het die wolwe gekom en die grafte oopgegrap en die lyke geëet. . . .

Tot hulle verbasing is die vroue skielik in Julie 1948 losgelaat — sonder dat hulle vooraf in kennis gestel is of redes aangegee is.

LESERS (vervolg)

WAS GESKOK OOR BERIG

Kapt. H. T. Slegtkamp, D.T.D., Middelburg, Tvl., skryf:

Ek kan u onmoontlik sê hoe ek gevoel het toe ek die berig in Die Transvaler van 19 Mei lees omtrent die „ontbinding van die O.B.” Na oordenking kom dit in my gedagte: dit is maar Die Transvaler wat so sê en ons ken sy haatlike gevoelens teenoor ons. Ek wonder of Die Transvaler destyds op Monument-koppie was waar daar geroep is: gee mekaar die hand om dit nooit weer te los nie. Ook verwys die blad na die „veragtelike O.B.-blad”. Maar wat het Uilspieël gesê? „Hulle haat my maar ek maak daarna want ek vertel die waarheid.” Die ander blaai skryf net wat in hulle kraam te pas kom.

Gelukkig sien ek daarna die berig van ons K.G. in Die O.B. en Die Vaderland en ek voel weer tevrede. Generaal, hou vol. Mag ek tog die republiek sien voordat ek dood is . . . nie die sogenaamde republiek van dr. Malan nie. Groete aan die Brandwagte wat nog ruggraat het.

LESERS: Sien bl. 6, kol. 3

UNIE VERDEEL IN SES STREKE

Die Unie sal voortaan in ses landboustreke verdeel word. Elke streek sal 'n direkteur, 'n adjunk-direkteur vir landbou-onderwys en -navorsing, en 'n adjunk-direkteur vir voorligting hê.

Die aankondiging is gedoen deur dr. H. W. Turpin, Direkteur van Landbou-onderwys en navorsing.

Die ses streke sal elkeen sy eie departement van landbou hê en elke direkteur sal aan die Sekretaris van Landbou verantwoordelik wees. Die doel is om boere aan te moedig om die produksie van noodsaaklike voedsel te verhoog en terselfder-

tyd vrugbaarheid van die grond te bewaar. Dit sal ook dien om boerderymetodes te verbeter.

Die ses gebiede is: 1. Die Westelike Provinsie; 2. Natal (gemengde boerdery); 3. Wes-Vrystaat (wat die grootste besproeiingsplan van die Unie het); 4. Karoo (skaapboerdery); 5. Noord-Transvaal (beesboerdery); 6. die mielie-driehoek (wat Suid-Transvaal en Oostelike Vrystaat insluit.)

Daar sal een inligtingsbeamp te vir elke 500 boere wees.

K.W.V.

ALGEMENE
JAARVERGADERING

DIE

EEN-EN-DERTIGSTE

ALGEMENE

JAARVERGADERING

VAN

AANDEELHOERS

van die K.W.V.

sal om 10.30 vm. op

DONDERDAG,

9 JUNIE 1949

in die

STADSZAAL, PAARL

gehou word.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

REPUBLIEK 'N TUISAPPEL?

Mnr. H. L. Minnaar, Upington, skryf:

Ek is 'n getroue leser en intekenaar van die O.B.-koerant en let op wat geskryf word van dr. Malan as die draer van „moderne Britsisme”. Daar skyn groot ontevredenheid in hierdie saak onder O.B.-lede te wees en om rusie en twis in die toekoms te voorkom meen ek dat daar helderheid in die saak moet wees. Dr. Malan word aangeval oor sy uitlatings na die Londense Konferensie en wat ek graag wil weet is of dit waar is dat Minister Havenga, as leier van die Afrikanerparty (waarvan dr. Van Rensburg hoofbestuurslid is) dr. Malan se verklaring verwelkom en in die Volksraad sou gevra het dat die republikeinse kwessie tog nie as 'n twisappel onder die volk gegooi moet word nie. As hy dit gesê het waarom dan net stoom afblaas op dr. Malan? Laat ons billik en regverdig wees. Dit mag gesê word maar wat het die O.B.'s met Minister Havenga te doen? Is 90 persent van die O.B.'s dan nie lede van die Afrikanerparty, waarvan Minister Havenga leier is nie?

(In die oorsig van ons politieke medewerker in die uitgawe van 18 Mei is mnr. Havenga se posisie behandel. Soos dit daar

gestel is, is die posisie so dat mnr. Havenga saam met dr. Malan voor die verkiesing aan die „Engelssprekendes” belowe het om tydens die lewe van die huidige parlement die republikeinse kwessie te laat rus. Maar intussen het dr. Malan 'n nuwe „republikeinse” beleid begin verkondig wat handhawing van die Britse konneksie inhoud — en hiermee het mnr. Havenga hom beslis nog nie vereenselwig nie.

Vir republikeine is die handhawing van die onvervalste republikeinse ideaal 'n aktuele saak, ongeag wat die verkiesingsbeloftes van die regering mag wees. As republikeinse organisasie is dit die Ossewabrandwag se plig om stelling in te neem vir die onvervalste ideaal van ons vaders. Hy het teweens ook die volste reg om dit te doen aangesien die O.B. as sodanig onafhanklik van enige party is, en ook met die A.P. geen ooreenkoms het nie. Dat sy lede 'id is van daardie party verander net so min aan die saak as wat dit die geval was in 1930 toe lede van die Republikeinse Bond propaganda gemaak het vir 'n republiek terwyl die amp telike standpunt van hul party op die punt anders was.

Maar gelukkig bots die amp telike standpunt van die A.P. nie met die O.B. se ideaal van 'n republiek los van die Britse kroon en buite die Britse Statebond nie.—Red.)

LESERS — Sien volgende kolom

Het nou so pas
sy groot verskei-
denheid winter-
stowwe uitepak,
en nooi sy onder-
steuners vriende-
lik uit om dit te
kom besigtig.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Kotzé



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel
van ryk beleë virginiese
tabak; gewaarborg 100%
suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook.”

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

AANDAG!! ASSEMBLIEF!

Wil u graag 'n mede Broer help? Wil u graag iets ekstra in u vrye tyd verdien, deur bestellings te neem vir geraamde artikels; Voortrekker artikels, ens. ens. op gedeeltelike kommissie basis? Stuur 2/6 en ontvang volle besonderhede van: **Die Adverteerder,** Kamer nr. 10, Kloofhuis, Knysna.

1/6/1.

BOERMEEL

BOERMEEL op ons bekende steenmeule gemaak, 11/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie, per 100 lb. sak. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

T.K.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6-4TK

SAAD

Goewermengtesertifiseerde groentesaad: Chantenay wortel 6/6, Detroit en Egiptiese Plat Beet 7/6 posvry. Greenfeast Saaderte (handuitgesoek) 1/- lb. 16 10s. 200 lb. sak. Haricot bone 14 10s. v.o.s. Oudtshoorn. Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 18/5/TK.

MEDISYNE

GRYSHAARWONDER laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gesond, natuurlik en vry van skifers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg.

(Nr. 2) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoetkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW. Verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

TE KOOP

BEESTE: Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koelie en verse. — **Zeeman, Robertson.** 1/12/TK

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-klassies. Appelfringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8 1/4; Rosyne, 3-Diamant, 10/4d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

GESUKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesukerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaal in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesukerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

SOUT

SOUT vir dadellike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaaft. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: **Komde. Mev. Martie Venter,** Posak No. X4, Arbeldsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

Twee-en-twintig perdekrug Chevrolet viersilinder engin met katrol, gemonster op hoekyster met vervoerwiele, brandstof — paraffien; ook Massey-Harris drie perdekrug paraffien engin en twaalf volt ontwikkelbaar. Al drie in werkende orde. Verkoop gesamentlik of afsonderlik aan hoogste offer. Verdere besonderhede van: **C. Roos,** Bokpoort, Clarens, O.V.S. 1/6/1B.

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

Pragtige Modelle
in Winteruitrusting
BY

Steyns

Die Modewinkel
PAROW

Britte Het Lugoerlog—

(vervolg van bladsy 3, kol. 3)

die bomwerper artillerie vir ingegraafde troepe in die Maginot-linie; vir Brittanje was dit 'n aanvallende wapen bedoel om die ekonomiese bronne van die vyand diep in sy eie land aan te val."

FRANSE WOU NIE

Van betekenis is dit dan ook dat Spraight aantoon dat die „skitterende beslissing" van 11 Mei 1940 uitgevoer is „ten spyte van genl. Gamelin." „Die Franse leërowerheid het die grootste teësin gehad vir enige plan waarby bomwerpers gebruik moes word vir aanvalle op die Duitse nywerheid, en het nie gearsel om dit te sê nie!" (Later is nie net fabriek nie, maar woonbuurtes gebombardeer.)

Die skrywer verklaar dan dat volgens die getuienis van lugmaarskalk Harris en Spraight, die Britse, Franse en Duitse generale stawe bestaan het uit soldate wie se gedagtegang so afgestomp was deur roetine en „rooi lint" dat dit hulle nooit te binne geskiet het dat die bombardering van burgerlike stede 'n land se oorlogspoging kan benadeel nie. „Slegs die Britse ministerie van lugvaart het danksy 'n ingewing („brain wave") in 1936 hierdie feit ontdek, met die gevolg dat vir drie jaar lank Engeland alleen in dié rigting beplan het. Weens die teenstand van die Franse generale staf was dit nie voor 11 Mei 1940 dat die bomwerpers gebruik kon word wat vir die doel gebou was nie. Daarna het hulle die vryheid gehad om te „swerf" met gevolge wat bekend is.

VOLKEREG GEEERBIEDIG

Dit lê egter voor die hand, so gaan hy voort, dat die weerhouding van Frankryk en Duitsland aan burgerlike bombarderings nie toegeskryf moet word aan domheid van hul generale stawe nie, dog aan die feit dat hierdie lande hulle gehou het aan die eerste beginsel van beskaafde oorlogsvoering wat vir tweehonderd jaar geëerbiedig was.

Die gevolg van die Britse verbreking van hierdie beginsel, is dat die hele struktuur van beskaafde oorlogvoering in duie gestort het, en dat ons terug is in die tydperk van barbarisme.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

WAPENS EN AMMUNISIE
van alle soorte
Groot voorraad .22-Gewere

Manie de Villiers,
Plaza-Toiletsalon,
Voortrekkerweg 102A - PAROW
Telefoon 98-9161 28/8/TK

Gebied F Hou Weer Laertrek Op Walle Van Komati-Rivier

Die Ossewabrandwag van Gebied F hou vanjaar weer hul gebruiklike opleidingslaertrek te Coopersdal. Dit duur van 4 tot 15 Julie 1949 en val dus in die Julie-skoolvakansie.

Die winterklimaat in die Oos-Transvaalse Laeveld is ideaal vir die kampering in die oop lug gedurende Julie, en vrugte en groente is daardie tyd volop. Die dae is heerlik lank en daar is geen reën gedurende daardie tyd wat ongerief veroorsaak nie. Dit is dus 'n ideale vakansieoord en alle O.B.'s wat kan, moet die Laertrek bywoon.

Die laer sal as volg ingedeel word:

- Mans en Boere-seuns.
- Vroue en Boeredogters.
- Gesinslaer. Waar die gesin graag saam wil bly, word so gereël dat gesinne apart saam getrek word.

BENODIGDHEDE

Tente. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.

Lanterns moet gebring word. O.B.- en F.A.K.-sangbundels. Bybel, Psalm- en Gesangboek. Skryfbenodigdhede en aanteke-

ningboek. 4 Komberse, Kampbed of matras. Hoed of helm. Skeergereedskap. Ekstra paar skoene. Jas. Stoel. Wasbare klere. Tandeborsel. Emmertjie, skottel en spieël. 2 Handoeke. Seep. Skoenwaks en borsel.

Die laerfooi is as volg:


Volwassenes (£1 10s. vir hele laer of gedeelte).

Kinders (onder 18 jaar) 15s. (hele laer).

Kinders (onder 18 jaar) 1/6 per dag (as slegs gedeelte bygevoon word).

Laergangers moet sover moontlik hul eie tente saambring. Vir 'n beperkte aantal kan egter vir onderdak gereël word teen 10/- per persoon, maar dan moet vooraf daarvan kennis gegee word.

Persone wat die laer sal bywoon moet onmiddellik van hulle voorneme by Sentrale-Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, kennis gee en die nodige laerfooi saamstuur.



WETGEWING OOR KLEURLINGE UITGESTEL

Die Eerste Minister, dr. Malan, het aangekondig dat wetgewing om die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas nie vanjaar ingedien sal word nie maar eers vroeg aanstaande jaar. Die wetgewende program is tans te vol en hy het weens sy besoek aan die buiteland nie genoeg tyd gehad om die wetgewing na te gaan nie.

Daar is ook aangekondig dat die parlement waarskynlik eers teen die derde week van Junie sal verdaag.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

(vervolg van bladsy 5)

VERTROU

Mev. S. Crawford, Beaufort-Wes, skryf:

Ek wil my volste vertroue in die leiding van ons K.G., dr. Hans van Rensburg, hiermee uitspreek.

Ek glo in sy eerlike opregtheid.

IS U 'N REPUBLIKEIN? Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEMBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,
Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:

.....

.....

.....
Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 1 JUNIE 1949

Hiervan En Daarvan

BOEREJEUG-UNIFORM: Die eerste helfte van die jaar is al byna om. Het julle al daaraan gedink, maats, dat oor sewe maande sal ons almal by die Voortrekkermonument ontmoet. Dan sal ons sien hoe lyk Lenie en Coenie. Nig Martha, gekleed in haar mooi Boerejeug-drag, sal vir Marietjie met 'n hartlike handdruk verwelkom. Dan du Toit sal oral rondsoek vir daardie penmaat, met wie hy deur middel van DIE BOEREJEUG kennis gemaak het. Maats, ek wens ek kon sommer al môre op die trein klim — Pretoria-toe.

Hoe sal die mense nou eintlik sien dat ons 'n lid van daardie gelukkige Boerejeug-gesin, wat daar onder in die netjiese laer gehuiswas word, is? Natuurlik — ons gaan almal vir ons 'n Boerejeug-uniform aanskaf. Almal moet presies eners aange-trek wees, anders sal die mense dink dat ons sommer 'n verdwaalde seun of dogter is. Met ons netjiese uniform sal ons egter dadelik toon dat ons nie verdwaal het nie, maar dat ons aan die BOEREJEUG behoort.

Kom Maats, haal nou daardie spaargeldjies uit of begin sommer al vandag te spaar vir die uniform. Dogters, koop solank die materiaal vir julle drag en skryf om 'n patroon. Mammie sal sekerlik help om dit te maak.

Seuns, daar is 'n klein verandering in die prys van ons uniform. Die prys vir 'n uniform waarvan die hemp se nek tot en met nommer 15 is, kos nog f4 12s. 6d. 'n Uniform waarvan die nek groter as nommer 15 is kos nou f4 16s. 0d. Daar is dus, soos maats sal opmerk, 'n klein verhoging van 3/6 in die prys van die uniform met die groter nek. Ons plaas aanstaande week weer die pryse van die afsonderlike dele van die uniform.

Maats, bestel vandag julle uniform om teleurstelling te voorkom. Die tyd is min.

DIE VORMPIE: Maats, daardie vormpie wat elders op hierdie bladsy verskyn, is regtig belangrik. Het julle dit al aan ons geos? Nognie? **Doen dit dan sommer nou dadelik**, anders gaan jy weer vergeet. Plak slegs 'n 1d.-posseël op die koevert en slaan die omslag van die koevert in. Pos dit dan aan **BOEREJEUG-REDAKSIE, POSBUS 1411, KAAPSTAD.**

DIE OPSTEL-WEDSTRYD: Ons is jammer dat ons nog nie die resultate van die Opstelwedstryd kan bekendmaak nie. Ons hoop egter om dit gereed te hê vir aanstaande week se uitgawe.

Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B.”

Pretoria Se Boerejeug Hou Uitstappie Na Monument

Die Saterdag waarna daar soveel uitgesien is, het eindelijk aangebreek. Stadig maar seker groei die klompie Boerejeug-lede aan, wat op Kerkplein ongeduldig staan en wag totdat al die kamerade opgedaag het.

Nie te lank nie of die bakkie is oorlaai met geesdriftige Boerejeugs en -dogters. Vir wie daar nie plek was nie, het maar voetgeslaan. Om aan hulle geesdrif uiting te gee, is uit volle bors aangehef „Ons is Kamerade”, „Oranje-Blanje-Blou”, „Opsaal Boere”, ens. Dit was besielend om weer saam te kan sing en een te voel.

Daar aangekom het ons dadelik met ons geliefkoosde speletjies begin, wat aan almal veel genot verskaf het.

Nadat ons dors geles is deur 'n paar lemoene het ons kans gesien vir die baie trappe na die voet van die Monument.

Eers deur die ruim saal waar die geskiedenis van die Voortrekkers in basrelief uitgebeeld sal word (die beelde is voorlopig verwyder) en dan met die spiraaltrappe na bo. „Ons was almal verlig toe ons veilig in die helder sonskyn bo op die koepel uitkom.

BESIEL

Onder ons het die stad gelê en daar anderkant kon ons die Magaliesberge in die deins-

righeid gewaar. Hier hoog bo die stadsruoer, op die Monument wat as mylpaal in ons geskiedenis staan, is ons opnuut besiel met ons vryheids-ideaal.

Kommandante S. Schulze het ons een en ander vertel van die geskiedenis en ontstaan van die Monument, en ons het trots gevoel dat ons die naam van „kinders van Suid-Afrika” dra. Die geleentheid om bo op die Monument te sing kon ons nie laat verbygaan nie en hartlik het ons „Die Lied van Jong Suid-Afrika”, „Die Transvaalse Volkslied” en „Ossewa-Brandwag” saamgesing.

Toe het ons die terugtog aanvaar, want lekker boerewors en koffie het op ons gewag. Besiel met opregte Boeretrots en een groot gedagte „My God, my Volk, my Land Suid-Afrika” het ons huiswaarts gekeer.

Die Boerejeug van Pretoria sien met geesdrif uit na die 16de Desember wanneer kamerade deur die hele land teenwoordig sal wees by die onthulling van die Monument, wat weer soos in 1938, besieling sal bring. (Ingestuur deur Nig. Martha.)

VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk.

MEI

- 25 Freddie Smuts, Kaapstad.
26 Patricia Sharpe, Oudtshoorn.
Thomsina Els, Heerengracht, Pearson.
Margaretha le Roux, Goudini.
Marianna Nel, Beaufort-Wes.
Andresina Rossouw, Humansdorp.
Nicolaas Janeke, Frankfort, O.V.S.
Christina Lamprecht, Koffiefontein.
Cornelia Venter, P.K. Schuinsdrift.
Oor Groot Marico.
Emmerentia Nortje, Pos Kafferskraal, Tvl.
27 Cicelia Smit, Jeppe, Johannesburg.
Anna Coetzee, P.K. Bosbokrand.
Sarie Goosen, P.K. Nababeep.
Jacobus Bredenkamp, Ceres.
David Herselman, Tarkastad.
28 Cecilia de Jager, P.K. Boshok.
Esme Riedemann, Carnarvon.
Charles Engelbrecht, P.K. Alheit, Kakamas.
Sophia Grobbelaar, Oor Vryburg.
Gerhard de Jager, Pos Utrecht, Ntl.
29 Marie du Toit, Wellington.
Sophia Robertse, Pos Moedwil, Oor Rustenburg, Tvl.
Casper du Toit, Frankfort, O.V.S.
30 Frans du Preez, Rustenburg, Tvl.
Koos Moolman, Upington.
Ansie Coetzee, Paarl.
Lourens Erasmus, Vryburg.
Heille de Bruyn, Loxton.
Theunis Theron, Merweville.
31 Carlé Cillie, Wellington.
Engela le Roux, Loxton.
Elma Lotter, Franschhoek.
Jan Barnard, P.K. Homtini, Oor George.

JUNIE

- 1 Bennett Gouws, Port Elizabeth.
Martha Theron, Fraserburg.
Willem Norval, Johannesburg.
Otto Langeveldt, Woodstock.
Anna Muller, Fraserburg.
June Beukman, Kullsrivier.
Junith Olivier, Beaufort-Wes.
Willie du Toit, P.K. Matrooster.
Johanna Vermaak, Middelburg, Tvl.

BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
1 Junie 1949.

Beste Boerejeug-maats,

Volgens die maats se briewe lei ek af dat almal nou hard besig is om eksamens af te lê. Wel, maats ons hou duim vas en hoop julle alle sukses toe.

Ons vertrou dat ons possak na die eksamens verby is, weer vol sal wees.

MEJ. M. VAN NIEKERK, SUNNYSIDE, PRETORIA het aan ons 'n beriggie gestuur. (Indien u nig Martha is, sal ons bly wees as u vir ons voortaan as korrespondente sal kan optree. As die nuus daar in Pretoria skaars is, maak dan maar soos die Kaaplenders — hulle „maak” nuus.—Red.)

LENIE DE KLERK, ons korrespondente vir UPINGTON, skryf dat sy nie anders kan as om so af en toe aan ons te skryf nie, al het sy nie nuus om saam te stuur nie. Sy is baie bly dat DIE BOEREJEUG nou weekliks verskyn en dat die blad baie interessant en onmisbaar is. Lenie het ook 'n lysie met name en adresse van maats wat graag penmaats wil hê en name vir die Verjaardag-ketting, gestuur. (Baie dankie vir die bemoedigende briefie Lenie, ons is bly dat jy aan ons skryf omdat jy „nie anders kan nie”. Ons hoop die ander maats volg ook jou voorbeeld. Sekerlik kan jy die genoemde artikels gebruik vir jou plakboek.—Red.)

PENMAATS

Marietjie Weideman, Metcalfweg 40, Cradock. 16 jaar oud. — Std. 10.

Alwyn Grib, Posbus 54, Upington. 16 jaar oud.

June Strauss, Posbus 106, Upington. 16 jaar oud.

M. de Klerk, Posbus 106, Upington. 15 jaar oud.

Lulu Fick, Keidebees, Upington. 14 jaar oud.

Connie van Niekerk, Keidebees, Upington. 14 jaar oud.

Nestor Strauus, Strausburg, Upington. 16 jaar oud.

Elize Strauss, Strausburg, Upington. 13 jaar oud.

Alida Bredenhann, Strausburg, Upington. 17 jaar oud.

Bettie de Klerk, Posbus 106, Upington. 13 jaar oud.

Nonnie Nel, Strausburg, Upington. 12 jaar oud.

Donny Wessels, La Maizonette, Van Copenhagenstraat, Upington. 17 jaar oud.

Maats, hierdie vriende sal graag van julle briewe ontvang. Gaan haal gou die skryfblok en jou pen. Dit is 'n baie aangename en mooi stokperdjie.

MARIETJIE WEIDEMAN, METCALF-WEG 40, CRADOCK skryf dat sy al lankal aan ons wou geskryf het, maar dat sy nog nie daartoe kon kom nie. Hulle is op die punt om met die eksamens te begin. Sy skryf ook dat sy bly is dat DIE BOEREJEUG nou weekliks verskyn en dat sy die Boerejeug-nuus van ander plekke baie graag lees. Sy is nou in std. 10 en stel veral belang in wetenskap en versamelings. (Baie dankie ook vir die name vir die verjaardag-ketting, Marietjie, ons plaas jou naam in die Penmaats-lys.—Red.)

Ander maats kan ook gerus weer aan ons skryf. Ons hou daarvan om van tyd tot tyd weer van ons ou vriende te hoor.

Boerejeug-groete,
BOEREJEUG-REDAKSIE.

OFFISIERS-SAAMTREK 4 TOT 5 JUNIE

(Verwys B.J.bevel J/A. 8/49)

Die eerste van 'n reeks van drie Boerejeug-offisiërslaertreke word gehou soos volg:

PLEK: Op die plaas van Stellenbosch se O.B.-Kommandant, mnr. T. J. Roos, „Rust-en-Vrede”, Stellenbosch. (Langs die pad na die Strand.)

DUUR: Vanaf Saterdagoggend 4 Junie tot Sondag 5 Junie 1949.

Die tente sal reeds Vrydag-aand opgeslaan wees vir die offisiere wat vroeër wil kom.

STEL ONS ASB. DALELIK IN KENNIS HOVEEL VAN U KOM.

Die doel van hierdie offisiërs-laertrek is om die volgende offisiere daar saam te trek: ALLE JEUG/KOMMANDANTE(S), JEUG/VELDKORNETTE(S), JEUG/ASST.-VELDKORNETTE(S) EN JEUG/KORPORAALS. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE LAERTREK SAL HOOFSAAKLIK TOEGESPITS WORD OP OFFISIËRSANGELEENTHEDE.

Vra u Ouers om ook „DIE BOEREJEUG” te lees!

AAN ALLE LESERS Baie Belangrik

Ons wil graag vir elke persoon, kind of volwassene, wat in hierdie blad, DIE BOEREJEUG, belangstel en 'n gereelde leser daarvan is, vra om meegaande vormpie dadelik in te vul en aan ons terug te stuur. Ons neem hierdie stap in ons lesers se voordeel, die rede waarom hulle later sal uitvind.

As daar meer as een leser in 'n huis is, is een vorm vir so 'n huisgesin genoeg.

Stuur dadelik die vormpie, anders gaan jy dalk later spyt wees dat jy dit nie gedoen het nie.

AAN:

Die Redakteur,
„DIE BOEREJEUG,”
Posbus 1411, Kaapstad.

Ek is 'n gereelde leser van ons blad, DIE BOEREJEUG, en sal bly wees as u my naam vir rekord-doeleindes op u register plaas.

VAN.....
VOORNAME.....
ADRES.....

Ouderdom..... Datum.....

Ek is lid van die Boerejeug — JA/NEE

'n Oop koevert met 'n 1d.-seël sal genoeg wees.

Moet Aanstootlike Berigte Eenheid Bevorder?

Daar het in die afgelope paar weke drie losstaande berigte (of gerugte) in die dagbladpers verskyn, wat hoewel onsamehangend, tog heel waarskynlik oorsaaklike verband met mekaar het. Die eerste berig was klaarblyklik voorbereiding vir die tweede en hierdie twee berigte saam was aanleiding vir die gissings van die derde berig.

Hierdie berig het 'n bepaalde indruk geskep — en vir hierdie indruk moet die eerste twee berigte verantwoordelik gehou word: in die sin dat hulle die indruk voorberei en uitgelok het.

Die O.B. wil 'n paar opmerkings oor hierdie berigte maak en pertinent aan die verspreiders van die eerste twee berigte vra wat hulle in die mou voer.

Die eerste berig het op Maandag 16 Mei, in Die Burger verskyn en het gelui dat daar in die Ossewabrandwag „vandag 'n sterk stroming (is) ten gunste van ontbinding van die organisasie deur die verlening van 'eervolle ontslag' aan sy lede. Na verneem word, bevind die hoof van die O.B., dr. J. F. J. van Rensburg, hom onder die voorste voorstanders van hierdie rigting.” Hieraan het Die Burger ongevraagd en onbeleefd en ongegrond toegevoeg dat dr. Van Rensburg ten gunste van ontbinding is omdat hy „politieke ambisies” het.

Die tweede berig was 'n verslag van 'n toespraak van dr. D. F. Malan, die H.N.P.-leier, wat hy op 20 Mei in die Kaap-

stadse Stadsaal gelewer het. Hy het gepraat oor die goeie samewerking tussen die H.N.P. en die Afrikanerparty in die Parlement en het bygevoeg: „Ten opsigte van ander groepe wat apart en vyandig gestaan het, kan spreker sê dat ook daar tekens is dat diegene wat uit innerlike oortuiging dieselfde is, bymekaar kom”. (Aangehaal uit Die Burger se verslag van 21 Mei.)

„STRIKELBLOK”

Die derde berig was die gissings van politieke korrespondente van verskeie dagblaaie dat die H.N.P. en die Afrikanerparty op die vooraand van amalgamasie staan. Die korrespondent van Die Vaderland verklaar: „Dusver was die verband tussen die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag nog 'n strikelblok vir die H.N.P., maar die aanduidings is dat hierdie moeilikheid moontlik verwyder sal kan word.”

Die indruk wat hierdie derde berig skep (en onthou dit is nie een berig in een koerant nie maar baie berigte in baie koe-

rante) is dat die nasionale Afrikanerdom gaan één word, m.a.w. dat die eenheid van die A.P., die O.B., en die H.N.P. bereik gaan word. En hierdie indruk is bewerkstellig deur Die Burger se berig oor die ontbinding van die O.B. en dr. Malan se verwysing na „ander groepe wat apart en vyandig gestaan het.”

GEEN ONTBINDING

Maar die Ossewabrandwag gaan nie ontbind nie — nie deur eervolle ontslag aan sy lede te gee nie of op enige ander wyse nie. En boonop is die H.N.P. 'n groep wat nog steeds apart van en vyandig teenoor die O.B. staan, soos onderstaande trouens bewys:

- In antwoord op 'n vraag van die V.P.-senator Heaton Nicholls oor die verhouding tussen die H.N.P. en die O.B., het dr. Malan reeds voor sy vertrek na Londen, in die Senaat op snedige wyse verklaar: „Ons verkeer nie op sprekende voet met mekaar nie.” Dit is beslis laakbaar om republikeinse Afrikaners op hierdie manier af te haal teenoor 'n Engelssprekende Verenigde Party-leier.
- Waarom publiseer Die Burger, sonder om eers na vraag te doen, die onjuiste berig dat die O.B. gaan ontbind? Sodanige beriggewing spreek klaarblyklik van kwaadwilligheid teenoor die O.B.
- En waarom knoop Die Burger boonop aan sy onjuiste ontbindingsberig 'n onbetaamlike motief vas aan dr. Van Rensburg, wat dan die O.B. sou wou ontbind omdat hy „politieke ambisies” sou hê. Dit is darem verregaande om eers 'n onjuiste berig te plaas en dan daaruit 'n aanstootlike persoonlike aanval op 'n Afrikanerleier te laat vloei?

Die vraag is nou, wat voer Die Burger en dr. Malan in die mou?

BERIG ONTKEN

In die onafhanklike Afrikaanse koerant Dagbreek ver- (vervolg in volgende kolom)

Bekende Figuur Oorlede

Die Afrikanergemeenskap van Mosselbaai en die Suidwestelike Distrikte en die Ossewabrandwag in besonder het 'n gevoelige verlies gehad met die heengaan van mnr. George Brink, oud-L.V. vir George, voorverlede Dinsdag op sy plaas Bottlierskop. Hy was 72 jaar oud en het 'n lang siekbed gehad.

Wyle oom George Brink het 'n vol lewe gely wat hy gestel het in die diens van sy medemens en volk. Hy was dertien jaar lank parlamentslid van George — van 1921 tot 1933. Die oorledene was 'n vooruitstrewende boer wat veral baie gedoen het om die kooperatiewe gedagte te laat posvat. Hy was vir baie jare bestuurslid van die

Landbou-unie van die Suidwestelike Distrikte, voorsitter van die Klein Brakrivierse boerevereniging, voorsitter van die Wolkwekersvereniging, voorsitter van die plaaslike direksie van die Langebergse Koöperasie, en direkteur van Sasko.

Ook sy kerk het hy gedien in die hoedanigheid van diaken en ouderling.

Die begrafnis het Woensdag op sy geboorteplaas, Platjieskraal, plaasgevind.

'n Weduwee en twee kinders is deur hom nagelaat.

OUD-REBEL HEEN: WAS TER DOOD VEROORDEEL

Toe die Boeremagte gedurende die Engelse oorlog Stormberg bereik, het talle rebelle uit die omgewing by die Boeremagte aangesluit. Onder hulle was ook Gert Dirk Greyvenstein wat totdat hy gevange geneem was, sy deel tot die vryheidstryd bygedra het. Met sy heengaan op 12 Mei l.l. in die ouderdom van 69 jaar het die O.B.-kommando van Burgersdorp 'n gevoelige verlies gely.

Nadat hy as rebel by die Boeremagte aangesluit het, het hy eers onder komdt. Kritzinger geveg en toe later onder genl. De Wet en komdt. Fouché. Hy het aan gevegte in Kaapland, Vrystaat, Transvaal en Natal deelgeneem totdat hy op Caledon gevange geneem is. Hierina is hy drie maande op Burgersdorp in 'n kaffertronk aangehou, daarna 2 maande in Graaff-Reinet, toe na Bloemfontein vir ses maande en daarna na die Krygsgevangenkamp in Durban. Die reis van Bloemfontein na Durban is in 'n oop trok afgelê. Dit was in die hartjie van die winter.

Toe die doodvonnis oor hom uitgespreek is, kon dit nie bekragtigt word nie omdat nodige getuienis ontbreek het, aangesien die Britse offisier selfmoord gepleeg het.

Na die vrede is hy op vrye voet gestel maar weer eens hoogverraad aangekla. Na 14 dae is hy egter weer losgelaat. Dit alles het meegebring dat hy al sy besittings verloor het en na die oorlog van vooraf moes begin.

Hy was tot sy dood 'n troue Brandwag van die kommando.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Ryk Ontwikkel Volgens Plan

(vervolg van bladsy 1, kol. 4) saambindende mag te maak waardeur Suid-Afrika, in plaas van hom los te wikk, vaster gewef word in die Britse eenheidsgedagte.”

En genl. Smuts het in 1924 in Kaapstad van die rykskonferensies gesê:

„Een van die belowendste inrigtings van die Ryk is die eerste ministers se konferensies wat uiteindelik die internasionale beleid moet bepaal.”

BUITELANDSE BELEID

Dit is daarom niks te verwonder dat Suid-Afrika 'n paar weke gelede opnuut in die parlement van die Eerste Minister sy standpunt ten opsigte van buitelandse beleid verneem het in 'n toespraak waarin verslag gedoen is van die jongste konferensie van eerste ministers nie! Sonder dat hierdie konferensie wetlik enige gesag oor die „vrye Statebondslede” het, word by hierdie geleentheid tog 'n eenheidsbeleid aangegee wat opgevolg word selfs deur nasionale ministers wat voor dergelyke konferensies voorstanders was van „algehele afskeiding van die Britse kroon EN RYK”, maar na afloop daarvan hulle bereid verklaar om „in enige omstandighede binne die Statebond te bly, selfs al word ons 'n republiek”.

GEE NIE OM

Dit is dan ook te verstaan dat die Britse diplomate niks omgee om al meer „regte” te verleen op papier as daarmee die medewerking gekoop kan word van republikeine wat voor sulke konferensies geywer het vir die vernietiging van die Empire, maar daarna blydskap uitspreek dat „die indruk van verbrekking van die Statebond nou uitgewis is.”

Daar is geen „evolusie” in ons vryheidsbeweging nie, maar slegs nuwe bande wat keer op keer gebind word om die nekke van Engeland se verwerde ge-

biede — bande wat gebind word ooreenkomstig 'n uitgewerkte Britse plan, wat in die woorde van lord Milner in 1919 as volg beskryf is:

EMPIREMAN SE RESEP

„Die enigste moontlikheid vir die voortbestaan van die Britse Ryk is op 'n basis van absolute, deurslaande gelyke vennootskap tussen die Verenigde Koninkryk en die dominiums.”

Dus, hoe meer aan republikeinse vertel word dat ons 'n „stap vooruit is” omdat ons groter „gelykheid” met Engeland verwerf het — so gelyk dat ons selfs kan besluit of ons 'n republikeinse staatsvorm wil aanneem, hoe groter waarborg is daar dat die Britse Ryk sal voortbestaan omdat ons hom naderhand WIL laat voortbestaan, soos ons nou van 'n nasionale Eerste Minister verneem. En dan stem dit ooreen met genl. Smuts se standpunt van 1920 in die volksraad toe hy gesê het:

„Daar is feitlik eenstemmigheid dat die Britse Ryk net kan voortbestaan op die basis van VOLLEDIGE vryheid en gelykheid. 'n Nuwe wêreld het verrys en 'n nuwe Ryk moet gevolglik geboetseer word.”

Ons staan dus vandag „ná die Londense konferensie” nie 'n tree verder as in 1920 nie toe ons ook verneem het van 'n „nuwe Ryk” of „Statebond” waarin „volledige vryheid” bestaan.

Maar desnieteenstaande het Suid-Afrika tien jaar gelede teen die wil van die volk gedien as „speelbal en spoegbak” in Brittanje se onheilige vernietiging van Europa. So sal dit ook maar wees in die toekoms solank Suid-Afrika deelneem aan Londense konferensies waar die eenheid van die Britse Ryk verseker word en gemeenskaplike beleide neergelê word wat — weliswaar — „vrywillig” uitgevoer word.

